

DIE VERBAND TUSSEN BAVINCK SE PSIGOLOGIE EN SY

BESONDERE OPVOEDING.

1. Inleiding.

Bavinck, wat 'n besondere belangstelling in die opvoeding toon en soos reeds aangetoon nuwe lig daarop werp, deur die Christelike standpunt duidelik na vore te bring ten opsigte van die doelstelling, uitgangspunt en metode van onderwys, berus ook nie hiermee nie.

Ons het Bavinck leer ken as die teoloog, wysgeer, psigoloog en pedagoog wat in sy hele beskouing 'n eenheid bring; as 'n man wat duidelik rigting wil aangee in die verwarrende en mekaar kruisende gedagtes wat die wêreld beheers.

Ten opsigte van die opvoedkunde en die sielkunde lê hy nie alleen ooreenkomstig sy eie beskouinge die fundamente en groot lyne vas nie, maar hy bring hulle ook in verband.

Hierby volstaan hy egter ook nie. Omdat hy die puberteitsleeftyd as 'n uiters belangrike leeftyd beskou, gaan hy breedvoerig na hoe die rypere jeug opgevoed moet word.

Die leeftyd van die rypere jeug bly vir hom steeds die tydperk waarin alles wat daar in die mens sit, verinnerlik en vasgelê word. Daarom moet daar volgens hom besondere aandag aan die jongmense bestee word.

Maar Bavinck betrag ook die nuwe opvoeding in besonder en gee leiding aan die verskillende strominge. Ook hier openbaar hy hoe tuis hy in die verskillende opvattings is.

Ook aan die opvoeding van die vrou skenk hy besondere aandag.

Ons wil dan in hierdie hoofstuk let hoe Bavinck die opvoeding van die rypere jeug, die nuwe opvoeding en die opvoeding van die vrou behandel en in verband met sy sielkunde bring.

2. Opvoeding van die Rypere Jeug.

(a) Inleiding.

Bavinck se omvangrykste pedagogiese werk¹⁾ word gewy aan die opvoeding van die rypere jeug. Die boek wat in 1916 sy verskyning gemaak het, is in menige opsig merkwaardig. Eerstens omdat terme soos „opvoeding van die rypere jeug," „jeugvorming" en „jeugorganisasies" Bavinck nie bevredig nie en hy aan die term „neopedie" (dit is die opvoeding van jeugdiges van jong mense) in die algemeen burgerreg probeer verleen. Hy behandel die puberteitsleef tyd (11-14), die knapeleef tyd (14-17) en die jongelingsperiode (17-21) en laat die behandeling van die vroulike jeug agterweë.

Toe hierdie boek geskryf is, was daar oor die opvoeding van die rypere jeug nog weinig gepubliseer.²⁾ In die skoolvrye jeug, wat so 'n gewigtige tydperk in die lewe ingaan, was daar min belangstelling. Onbekendheid met die geestelike en liggaamlike groei van die jeugdige was die oorsaak dat opvoedkundiges foute begaan het, wat soms onherstelbaar was. Daarom juis sou 'n mens verwag dat Bavinck nog dieper op die psigologie van die rypere jeug sou ingaan as wat hy hier gedoen het.

1. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd.

2. Rombouts: Prof. Dr. H. Bavinck, 99.

Die boek is ook merkwaardig vanweë sy veelsydige en ryke inhoud. In agt paragrawe, wat saam 'n kwart van die boek beslaan, behandel die outeur die geskiedenis van die neopedie. Hy bring na vore hoe dit was by die natuurvolke, by die Grieke en Romeine, in die Christelike maatskappy, na die hervorming, in die Sondagskole, in die jongelingsvereniging en wat van owerheidsweë gedoen is. Hierdie gedeelte is bykans 'n volledige geskiedenis van die algemene opvoedkunde. In die tweede gedeelte wat na inhoud en omvang die belangrikste is, word in tien hoofstukke gewys op die taak van die neopedie: die leemtes in die bestaande neopedie, die noodsaaklikheid, die beginsels, die opvoeders van die rypere jeug, die psigologie van die rypere jeug, die godsdienstig-sedelike, die sosiale en politieke opvoeding en dan in die laaste twee hoofstukke behandel hy die metode en organisasie van die opvoeding van die rypere jeug.

Die eerste gedeelte openbaar 'n kennis en belesenheid, wat verbasing en bewondering wek. Die tweede gedeelte, hoewel teoreties-wetenskaplik geskrywe, word regstreeks tot die opvoeders gerig, wat hulle prakties met die opvoeding van die rypere jeug besig hou. Hierdie gedeelte is in werklikheid 'n gids op verskillende gebiede.

(b) Uit die Geskiedenis van die Neopedie.

(i) By die Natuurvolke.

In die vroeëre tye is die studie van die menslike leeftye nie verwaarloos nie. ¹⁾ Stamme en volke het vir leeftye die kinderleeftyd, die puberteitsjare, die huwelik en die ouderdom in die menslike lewe onderskei. ²⁾ Dit is opmerklik dat van al die periodes die tweede deur baie volke as

1. Bavinck: Beginselen der Psychologie, 23.

2. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 8 - 9.

die gewigste¹⁾ beskou word en die meeste belangstelling en sorg geniet het. Die oorgang van die kind tot jongeling of jonger dogter in die puberteitsjare geld allerweë as die belangrikste keerpunt in die menslike lewe.¹⁾ Dit is 'n nuwe tweede²⁾ geboorte.

(ii) In Griekeland en Rome.

In Sparta word die seuns op sewejarige leeftyd aan aangestelde opvoeders toevertrou en op staatskoste opgevoed. Op agtienjarige leeftyd is die opvoeding afgelopen: die jongeling mag nou die staatswoning verlaat, sy baard laat groei, maar hy moet dan met aktiewe militêre diens begin.

In Athene was geen staatsopvoedingsinrigtings nie, tog is daar in die groot stede sale beskikbaar gestel waar veral vir liggaamlike opvoeding gesorg is.

In Rome het die opvoeding 'n ander strekking:³⁾ dit is nie op die skone en harmonieuse nie maar op die praktiese en nuttige gerig. Op 15 jarige leeftyd word die knaap na die forum gelei om in die ry van manne opgeneem te word.⁴⁾ Dan kan hy aan die openbare lewe deelneem.

(iii) In die Christelike Kerk.

Die Christendom het in die doel en dus ook in die inhoud en wyse van die opvoeding 'n groot verandering aangebring. Die staat en maatskappy moes plek maak vir die koninkryk van die Hemele. Soek eers die koninkryk van God en al die ander dinge sal vir jou toegevoeg word. Nie die liggaamlike nie maar die geestelike vorming kry die ereplek

1. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 10.

2. Bavinck: Verzamelde Opstellen, 64.

3. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 23.

4. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 12 - 14.

in die opvoeding. Die hoogste roem was nie daarin om 'n dapper soldaat van die keiser te wees nie, maar dat mens die wapenrusting van God aantrek en die verdrukking kan weerstaan as goeie krygsknegte van Jesus Christus. Die hoogste stand, naamlik die kindskap van God, kan elkeen deelagtig word: vrou sowel as man, slaaf sowel as vrye, heiden sowel as Jood.

Die Rooms-Katolieke kerk het sy invloed en mag reeds vroeg in die kind se leeftyd laat geld, terwyl die Protestantse Kerke die geloofsbelydenis meer na die latere jare in die kind se leeftyd verplaas het.¹⁾ Hierdeur het die Rooms-Katolieke kerk sy invloed sterk laat geld.

(iv) By die Christelike Maatskappy.

Nie alleen oefen die Christelike kerk direkte invloed uit op die opvoeding van die jeug deur die godsdienstige opvoeding nie, maar ook indirek deur die onderwys wat vanweë die kerk gegee is.²⁾ Hieruit het die voor die hand liggende gedagte ontstaan dat die gee van onderwys tot die reg en bevoegdhede van die kerk behoort. Tot met die reformatie het die skole dan ook hoofsaaklik vanweë die kerk tot stand gekom. In die ridderskap het die ou ideale van die vrye stryd-lustige Germane herleef, maar om hulle nou te verbind met en in diens te stel van die Christelike geloof en die Christelike liefde.³⁾

(v) Na die Hervorming.

Die hervorming moes eers baie van die Rooms-Katolieke dom- en kloosterskole tot ondergang bring en van die leerkragte ontslae raak om sy eie invloed te laat geld.

1. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 21.

2. Bavinck: Verzamelde Opstellen, 215.

3. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 29.

Hierdeur was daar 'n gebrek aan onderwysers. Vandaar dat Luther nie uit beginsel nie maar uit nood van die tyd 'n versoek in 1524 aan die burgermeesters en raadshere in Duitsland rig om skole op te rig, en desnoods die ouers te dwing om hul le kinders na die skole te stuur. Calvyn het ook herhaalde male aangedring op die stigting van skole, omdat onkunde 'n bondgenoot van die pousdom is, en onderwys 'n kragtige wapen bied in die stryd teen die Rooms-Katolieke dwalinge.¹⁾

(vi) In die Sondagskole.

Bavinck noem Robert Raikes (1735-1811) - 'n ryk boekdrukker van Gloucester - die stigter van die sondagskool. Dit was eers 'n filantropiese instelling, maar kry weldra 'n godsdienstige karakter sodat dit in Duitsland selfs die naam en karakter van „Kindergottendienste“²⁾ kry. In Engeland en Amerika vervang die sondagskole die ontbrekende kerklike katekisasie en vul die onvoldoende godsdiensonderwys op skool aan. In Holland word kinders buite skoolure en na die sondagskooljare in die godsdiensonderrig.

Daar is egter ernstige klage oor die agteruitgang van die sondagskool: die aantal leerlinge verminder, die kinders van die hoër stande kom baie min na die klasse; die meeste kinders gaan wel skool toe maar nie na die kerk nie. Ook Bavinck het nie raad daarvoor nie.³⁾

(vii) In die Jongelingsverenigings.

Vir die opvoeding van die rypere jeug kom veral die jongelingsverenigings in aanmerking. Onder piëtistiese en metodistiese invloede is die verenigings stelselmatig opgerig

1. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 29.

2. Ibid., 39.

3. Ibid., 43.

om die rypere jeug te beskerm teen die baie gevare waaraan hulle blootgestel is. As gemeenskapsband is die „Paryse formule" aanvaar: die vereniging moet jongmense versamel wat Jesus as hulle Heiland erken, hulle lewe volgens die Skrif reël en hulle moet bereid wees om deur arbeid hulle deel by te dra tot die uitbreiding van Gods ryk.

Die Gereformeerde Bond in Holland het hom afgeskei van die Nederlandse „Jongelings-verband" wat veral op werwing en „wen" van siele bedag was. Die verenigings het ook onderskei tussen seuns van 12-17 en die van 17-21 jaar.

Die verenigings het hulle besig gehou met Bybellesing en Bybelstudie, gebed en sang; maar daar is ook 'n studie gemaak van geskiedenis, letterkunde, staatkunde en maatskaplike beginsels. Sommige het die onderwysende taak ter hand geneem; nog ander het allerlei sosiale, filantropiese en evangelisierende werk verrig. Soms het die jongmense gesellighede gehou. Daar was sanguitvoerings, skaakspel, voordrag, ligbeeldvertonings, ensomeer.¹⁾

(viii) Van Owerheidsweë.

Met uitsondering van die middelbare en gimnasiumonderwys, het die regerings nie veel moeite gedoen in verband met die rypere jeug se opvoeding nie: die saak is byna geheel en al aan die vrye maatskappy oorgelaat.²⁾

Bavinck wys op verskeie wette soos die leerpligwet, die ongevallewet, die beroepswet, die kinderrwette en die wet op arbeidskontrakte, wat regstreeks en onregstreeks die jeug ten goede gekom het. Tog is daar vir die opvoeding van jeugdiges na die skoolpligtige leeftyd min gedoen.

1. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 46.

2. Ibid., 58.

Die uitgebreide onderwys het uit die behoefte van die maatskappy ontstaan en gegroei. Dit het vir jare selfstandig en sonder noemenswaardige subsidies van regeringsweë ontwikkel. Eers teen 1915 begin die staat meer belang in die opvoeding van die rypere jeug stel.¹⁾

(c) Opmerking.

Bavinck gee 'n uitvoerige oorsig van die geskiedenis van die neopedie. Hy gee 'n eerlike weergawe van die feite en trek dan telkens te velde teen die Rooms-Katolieke Kerk wat in die onkunde van die mense 'n bondgenoot het om kragtige invloed op die jeug uit te oefen. Hy openbaar 'n besondere bekendheid met die Rooms-Katolieke leer en terminologie, hoewel Rombouts hom beskuldig dat hy ook soms met die Rooms-Katolieke terme dwaal.²⁾

(d) Die Taak van die Neopedie.

(i) Leemtes in die Bestaande Neopedie.

Hoewel daar 'n toenemende belangstelling in die opvoeding van die rypere jeug is, moet dit tog om verskillende redes nog as ontoereikend en gebrekkig bestempel word. Oral word gekla dat die resultate van die laer onderwys onvoldoende is en nie genoeg bring nie, nie in die godsdienstigesedelike en ook nie vir die verstandelike opvoeding nie. Die jongelingsverenigings bereik ook maar 'n klein persentasie van die jongmense wat behoefte aan verdere opvoeding het. Gelukkig dring dit meer en meer tot die jongelingsverenigings deur dat hulle geen bewaarskole of evangelisasieverenigings is nie maar as vormskole moet dien; daarom, ten spyte daarvan dat hulle alleen 'n klein persentasie van die jeug bereik, doen hulle goeie vormende werk. Dit is moeilik

1. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 68.

2. Rombouts: Prof. Dr. H. Bavinck, 109.

om die juiste taak van hierdie verenigings te omskryf en lig begaan hulle die fout om hulle met te veel werk te belas.

Dit is nodig dat ons daarop moet wys dat Rombouts¹⁾ ten onregte aan Bavinck sou toedig dat hy erken: „Wij hebben gemerkt aan de eene zijde, dat de leerlingen der Christelijke school, niet braven, niet vromer menschen zijn geworden, dan die van die Openbare School.”²⁾ Hier het ons weer 'n geval waar Bavinck deur sy objektiewe inlewing in 'n ander se standpunt misverstaan word. In werklikheid is genoemde aanhaling die van die heer Zernike, na aanleiding van die optrede van 'n kommissie van ondersoek na die ontwikkeling van jeugdige persone.³⁾ Gedurig moet 'n mens by die lees van Bavinck waak om hom nie mis te verstaan nie. Geen wonder dat ds. Kok skryf: „Wanneer ge een werk van Bavinck ergens opslaat, kunt ge een paar bladzijden achter elkaar lezen en vol verwondering u afvragen: hoe is het mogelijk, dat Bavinck zulk een opvatting voorstaat? Straks bemerkt ge echter, dat hy al dien tijd bezig is geweest aan de uiteenzetting van het standpunt van hem, dien hy daarna gaat bestrijden.”⁴⁾

(ii) Noodsaaklikheid van die Neopedie.

Die leemtes en gebreke in die teenswoordige jeugvorming kom duidelik na vore as ons nie alleen die gees van die eeu met sy positivisme, twyfelsug en vryheidsdrang in aanmerking neem nie, maar ook as ons daarop let dat die puberteitsleef tyd 'n kritiese periode is waarin allerlei gevare die jeug bedreig en hulle dus aan besondere sorg en leiding moet onderwerp.⁵⁾ Vroeër is eerbied vir die gesag van God

1. Rombouts: Prof. Dr. H. Bavinck, 110.

2. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 74.

3. Ibid., sien bladsy 73.

4. Kok: Dr. Herman Bavinck, 50.

5. Bavinck: op. cit., 79.

en Sy Woord, van ouers en owerhede met die moedersmelk ingedrink, tans is kritiek aan die orde van die dag en niks en niemand word ontsien nie. Geld, vrye tyd, geleentheid tot ontspanning en genot verlei die jeug. Daar is ook nog meer dinge wat die jeug bederf: die slegte woningstoestande en alles wat daarmee gepaard gaan, die gevare op straat, by die fabriek en by die werkplek. Sentra van die kultuur is in groot stede eintlike spelonke van ongeregtheid. Op die platteland is die toestande beter, maar maklike vervoer, pers en lektuur het op die skoolvrye jeug nadelige invloede.¹⁾

(iii) Beginnels van die Neopedie.

Ons moet by die opvoeding van die rypere jeug tussen jeugvorming en „Fürsorge-Erziehung" onderskei. Laasgenoemde is sorg deur die owerheid aan die verwaarloosde en misdadige jeug in verbeteringsgestigte, werk- en armhuise. Jeugvorming wil ook die jeug beskerm teen gevare wat dreig; dit is dus voorsorgopvoeding. Voor hierdie negatiewe taak is daar egter die positiewe: Die jeugvereniging moet veelmeer vormskool as bewaarskool wees.²⁾ Bavinck wil ook hier net soos in die laerskool nie dat Protestant, Jood en Rooms-Katoliek in dieselfde skool saam onderwys ontvang nie.

By die sosiaaldemokrate is die jeugorganisasies in die volle sin 'n partysaak: die jeug moet oortuigde en stryd-lustige lede van die sosialistiese party word; verder moet hulle doelbewus 'n klassestryd voer; die jeug word opgevoed tot „heilige ontevredenheid" en haat teen die bestaande maatskappy en teen alle grondslae waarop dit tot dusver berus het. Van die koninkryk van God weet hulle niks.³⁾ Vir Marx is

1. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 86.

2. Ibid., 96.

3. Ibid., 97.

die godsdiens die opium van die volk wat in die toekomstige maatskappy 'n natuurlike dood sal sterf. Op sy beste is die godsdiens vir hulle 'n psigologiese verskynsel. Hierin sien Bavinck geen vrede nie maar alleen in die egte, ware gods-
1) diens, waar die siel dors na God. 2)

Kenmerke van die Rooms-Katolieke jeugorganisasies is: die direkteur van die vereniging wat 'n geestelike moet wees, is maghebber en bestuurder en hy laat sy invloed geld; die geestelikes bind die jeug aan die mag van die kerk; die vroomheid wat gekweek word, laat die jeug getrou kerk toe kom, laat hulle glo aan bonatuurlike kragte en sodoende word goeie werke verrig; die geestelike oefeninge word met psigologiese takt na 'n strenge metode gesistematiseer. 3)

Die Protestant gaan ook van die religieuse ervaring uit, 4) maar dit het sy ontstaan en ontwikkeling aan die Heilige Skrif te danke, met name die Evangelie soos deur Paulus verkondig. Daarom kan hy tussen waarheid en dwaling onderskei. Die Protestant het ook aan sy religieuse ervaring 'n eie inhoud gegee wat aan die Heilige Skrif ontleen is: dit beweeg nie soos Rome tussen die natuurlike en bonatuurlike nie, maar tussen sonde en genade. Uit genade kom die vryheid en die vryheid lei vanself daartoe dat die mens in die spoor van Gods geregtigheid wandel. 5) Daarom is sy goeie werke maar dié wat uit die geloof na die geloof na die wet van God tot Sy eer gedoen word. Hy dien dan ook nie net vir oomblikke sy God nie, maar sy hele lewe en al sy arbeid, ook in die ge-

-
1. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 102.
 2. Bavinck: Handleiding bij het Onderwijs in den Christelijken Godsdienst, 9.
 3. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 102 - 109.
 4. Bavinck: Handleiding, ens., 26.
 5. Bavinck: De Zekerheid des Geloofs, 89.

sin, maatskappy en kuns word één diening van God, één lof en prys van die eer van Gods Naam.

(iv) Die Opvoeders van die Rypere Jeug.

Die eerste en vernaamste opvoeder van die kind en ook van die rypere jeug is die gesin. Bavinck dink hier allereers aan die ouers, maar hy sluit die broers en susters nie uit nie; hy brei selfs die gesin uit tot verwante van die ouers. In die gesin wat die terrein van die godsdienstige-sedelike opvoeding van die kind is, lê die toekoms van die gemeenskap. Na die huisgesin kom die skool, maar die skool se opvoeding moet in eendragtige samewerking met die gesin geskied. Hy kla egter oor die swak samewerking omdat die openbare en neutrale skool van die standpunt uitgaan dat die ganse opvoeding 'n saak van die owerheid is waarin die ouers niks te sê het nie.

Die kerk wat van ouds die opvoeding van die jeug²⁾ ter harte geneem het, sorg vir die kategetiese onderwys. Hierdie onderwys het baie kritiek uitgelok, veral omdat dit in metode volgens Casimir 'n paar honderd jaar agter is. Daarby kom die moeilikheid dat die neutrale skool die gedagte gewek het dat onderwys sonder godsdiens nie alleen moontlik is nie maar selfs wenslik en eintlik normaal is. Kinders bly daarom weg van die katkisasie af en die afwesigheid word verder aangemoedig deur slegte lokaliteite, onvoldoende leermiddels en ongeskoolde leerkragte. Daarby kom dat die opleiding van predikante nie van so 'n aard is dat hulle weet hoe om met kinders om te gaan, hulle belangstelling te wek, orde te handhaaf en op die regte wyse te onderrig nie.

1. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 112.

2. Ibid., 119.

Daarom moet die predikant ook as onderwyser opgelei word en lesings ontvang in vakke soos ekonomie, kultuurgeskiedenis, psigologie, pedagogiek, volksreligie, ensovoorts.¹⁾

Die owerheid²⁾ het ook sy taak te vervul by die opvoeding van die rypere jeug. Indirekte maatreëls deur die owerheid is: die bekamping van tugteloosheid op straat, die waking vir publieke eerbaarheid, die verbod op uitstalling van onsedelike boeke en prente, die beskikbaarstelling van sportterreine, die inrigting van leessale, ensomeer. Ook werkgewers behoort hulle deel by te dra.³⁾

Maar as die huisgesin, kerk en skool hul taak vervul het, ontbreek daar nog een element wat in die teenswoordige tyd nie gemis kan word nie, naamlik die groot verdienste van die bond van Jongelingsverenigings op Gereformeerde grondslag.⁴⁾ Die spesiale taak van laasgenoemde is om die jongeling vertrouwd te maak met die regte wêreld- en lewensbeskouing soos prinsipieel in die Christelike geloof vervat is; maar die sosiale en politieke onderrig moet ook in samehang met die lewens- en wêreldbeskouing gebring word.⁵⁾

(v) Psigologie van die Rypere Jeug.⁶⁾

In 'n kostelike hoofstuk, wat ongelukkig te beknopt is, behandel Bavinck die psigologie van die rypere jeug.

Reeds Aristoteles het die ontwikkeling van die mens in drie periodes verdeel: 1 - 7 jaar; 7 - 14 jaar;

-
1. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 124.
 2. Bavinck: De Opleiding van den Onderwijzer, 20.
 3. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 129.
 4. Ibid., 130.
 5. Bavinck: De Zekerheid des Geloofs, 100 - 103.
 6. Berg: Resensie oor „De Opvoeding der Rijpere Jeugd in Register van de Recensieboode" uit Paedagogisch Tijdschrift, 1916, 39.

14 - 21 jaar.

By die derde periode begin die rypwording of puberteit wat by meisies eerder intree (12-14 jaar) as by seuns (13-15 jaar). Hierdie oorgang wat geleidelik plaasvind, is van die grootste belang. Liggaamlik is daar 'n sterk groei wat die meisie tot vrou en die seun tot man maak.¹⁾

By sy geboorte bring die mens sy liggaam mee en daarin allerlei organe en funksies, maar vir die instandhouding daarvan is 'n omgewing nodig waaruit dit voedsel trek. Die siel bring die mens allerlei gawes en kragte, aanleg en vatbaarheid mee, maar hulle moet in 'n psigiese milieu tot ontwikkeling gebring, gesterk en opgevoed word. Nóg die liggaamlike nóg die geestelike word alles kant en klaar by die geboorte ontvang. Alles ontwikkel aktief en passief.²⁾

Die liggaam groei sterker: die ledemate word langer, die bene sterker, bors en skouers sit uit, hart en longe ver-groot en die hersens toon 'n merkwaardige groei.³⁾

Die sielelewe verander ook.⁴⁾ In verband met die ontwakende seksuele lewe maak gans ander gewaarwordinge, voorstellinge, verbeeldinge, neiginge en hartstogte hulle van die siel meester,⁵⁾ en dit kom in konflik met die wat in die kinderleeftyd opgedoen is. Die seuns en dogters wil nie meer as kinders aangesien word nie. Dit is 'n periode van stryd: stryd tussen die verlede en die toekoms, tussen gesag en vryheid, gehoorsaamheid en selfstandigheid, afhanklikheid en selfbesef.⁶⁾ Dit is die moeilike oorgangsjare

1. Sien Schreuder: „Opvoeding der Rijpere Jeugd“, in Paedagogisch Tijdschrift, 1915, 234.

2. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 137 - 138.

3. Bavinck: Verzamelde Opstellen, 62.

4. Ibid., 63.

5. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek, I, 218.

6. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 141 - 142.

waar verandering plaasvind in die kenvermoë, geheue, die fantasie, die gemoedswêreld en die wil.

In die kenvermoë maak die konkrete denke, die werk met voorstellinge, plek vir die abstrakte. Oor sedelikheid, godsdiens en geregtigheid word begrippe gevorm. Die oordeel ontwaak en maak hom los van konkrete feite, dring deur tot die samehang van die verskynsels: tot oorsaak en gevolg, tot middel en doel en pas aan die woorde en daede van andere 'n algemene maatstaf toe.¹⁾ Die seun en dogter kry 'n eie insig: dis baie maal voorbarig, oppervlakkig en sonderling, maar hulle laat dit tog geld. Die vertrouwe in die ouers verdwyn: wat hulle sê, word nie meer as evangelie aanvaar nie; die twyfel oor godsdiens is ook nie seldsaam nie;²⁾ swakheid by ouers en onderwysers word ontdek en soms ongenadig uitgebuit.

Hiernaas ontwikkel ook die geheue en herinnering, maar in 'n opmerklike minder mate as die fantasie.

Die fantasie keer die verlede die rug toe: die pop word nie meer geïdealiseer nie, maar ander dinge; alles is verkeerd, maar as hulle eers predikant of onderwyser of vader is, sal die dinge reggemaak word. So mymer en droom en dweep die jeug. Hulle huldig radikale denkbeelde op godsdienstige, maatskaplike en staatkundige gebied; hulle kies helde tot hul ideale voorbeelde en dweep met groot uitvindinge. Die jeugdige fantasie moet nie geminag en onderskat word nie. Skerpsinnig merk Bavinck hier op dat die fantasie in hierdie periode, waarin die jongmens kennis kry van hardheid en ruheid van die lewe, van gebreke en foute wat alle mense, ook die ouers en onderwysers aankleef, hulle

1. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 142.

2. Bavinck: Verzamelde Opstellen, 65.

in ewewig hou en hulle van twyfel bewaar. „In het verleden en het heden moge de zonde machtig zijn, de toekomst bergt hare overwinning in den schoot. De phantasie is een vorm van geloof.”¹⁾ Tog word die ewewig nog menigmaal verbreek.

Die gemoedslewe word in hierdie tyd op allerlei wyse verryk en verdiep: ongekende aandoeninge word gewek, neiginge en luste kom op en hulle is soms so sterk dat dit nie onderdruk kan word nie. Dit soek soms ontlading in baie verrigtinge soos onanie, hartstogtelike poësie of geswolle prosa, in sentimentele dagboeke, in dwepery met die maan en sterre. Dit is alles bewys van die romantiek en sentimentaliteit wat eie aan hierdie leeftyd is.

Die wil neem ook sterk toe:²⁾ die beroepskeuse val in hierdie tydvak en die lus om iets te word of in 'n bepaalde rigting te beweeg, is sterk. Tog slaag die wil nie daarin om altyd die wilde hartstogte te beteuel nie. Daar wissel dit tussen hoop en moedeloosheid, val en opstaan. Die ryperre jeug slinger heen en weer tussen lewenslus en lewensatheid, oormoed en twyfel, saligheidsdrome en selfmoordgedagtes. Ydelheid en onverskilligheid, liefde en wreedheid, hervormingsug en lusteloosheid, genotsug en askese wissel mekaar soms in kort tye af.

Maar elke mens moet deur hierdie stadium gaan om mens te word. Uit die worsteling kan 'n platvloerse egoïs, 'n twyfelaar, 'n spotter, 'n misdadiger voorkom. Maar uit die worsteling kan ook seëvierend gebore word 'n edel mens, 'n nuttige burger, 'n kloeke belyer, 'n persoonlikheid met 'n standvastige wil. Gelukkig die een wat op die tweesprong van die lewe die goeie keuse doen en sy pad hou volgens die Here se Woord.

1. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 143.

2. Bavinck: Verzamelde Opstellen, 64.

3. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 145.

(vi) Die Godsdienstig-sedelike Opvoeding.

Bavinck beskou die godsdienstig-sedelike opvoeding van so groot belang dat dit die eerste plek moet inneem en in sonderheid by die opvoeding van die rypere jeug.¹⁾ Hy wat die godsdiens uit die hart ban, verarm die siel, omdat daar geen mag is wat die diepte van die gemoed so kan be-roer en sulke tere aandoeninge kan oproep nie as juis die godsdiens. Die wat die godsdiens bestry en negeer, tas die grondslae aan, waarop die hele menslike samelewing rus. Sedelikheid sonder godsdiens soek verniet na vastigheid wat die mens kan dra; dit kan hoogstens sover as moraliteit kom. Die gesag van die gesin, die staat en die maatskappy is in die gesag van God gegrond. Daarom is godsdiens vir elke mens nodig, nie in die eerste plek terwille van die mens of sy naaste nie, maar om God se ontwil: die godsdiens is 'n wesenlike en onuitvloeibare element van die menslike natuur.²⁾ Die eerste groot gebod is dan ook om God lief te hê bo alles.

Bavinck se psigologie is van besondere betekenis vir die opvoeding van die rypere jeug. Die puberteitsjare³⁾ bring groot verandering in die religieuse lewe van die jeug. Die nuwe geloof van die kind ontwikkel tot die persoonlike oortuiging van die volwassene. Deur die ongeloof van 'n massa ongelowiges en sogenoemde Christene verloor die on-ervare persoon egter menigmaal sy ewewig, en soek dan ander ideale, soos in kuns of wetenskap en ontwikkel dan in nug-tere skeptici.

Dit is nodig dat die jeug seksuele voorligting ont-vang. Bavinck sien egter swarigheid vir die ouers om in-ligting te gee, want „er ligt iets on- en tegennatuurliks

1. Bavinck: Handleiding, ens., 25.

2. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 148.

3. Bavinck: Verzamelde Opstellen, 67.

in, iets kwetsends voor het schaamtegevoel, dat ouders hunne kinderen over deze zaken moeten inlichten.¹⁾ Hy wil nie die taak aan die ouer of onderwyser opdra nie: hulle moet self daarvoor oordeel. Ook oor die antwoorde op die vraag waar kinders vandaan kom, het Bavinck nog in 'n groter mate die ouer se plig verkeerd gesien. Hy wil dat die kinders self tot die waarheid kom deur lank voor die puberteitsjare met mekaar daarvoor te gesels. As hulle nie sedelik bedorwe is nie, sal die feite oor die geboorte van 'n kind geen lus of begeerte prikkel nie. Verkeerdelik beweer hy: „Beter dan door ouders of onderwyzers worden se op deze wijze, in den omgang met elkaar, als het ware door de natuur selve onderricht.“²⁾

Die moeilikheid wat na vore kom wanneer die geslagslewe by die kind ontwaak, beskou Bavinck as van heeltemal ander aard: voorligting is hier wenslik en selfs noodsaaklik. Dit moet onder vier oë deur die moeder aan die dogter, deur die vader aan die seun en deur die onderwyser aan die kind gegee word. As die fisiologiese proses beskryf moet word, moet dit liefs deur 'n vreemde, 'n onderwyser of dokter gedoen word.³⁾ Ook hier laat Bavinck die ouer sy plig verwaarloos en sy voorreg hom ontsê.

Bavinck wys op die verkeerde seksuele voorligting deur die nuwe rasionalisme soos weerspieël deur Foerster, asook deur die rigting wat seksuele opvoeding los van die opvoeding wil maak. In die plek daarvan wil hy liewers 'n godsdienstig-sedelike versterking van die wil as 'n verstandelike wete hê. Ten regte wys hy daarop dat die godsdien-

1. Bavinck: De Opvoeding der 'Rijpere Jeugd, 160.

2. Ibid., 162.

3. Ibid., 163.

stig-sedelike opvoeding reeds by die geboorte moet begin of
liowers lank daarvoor, naamlik reeds by die kind se ouers.¹⁾

Hy waarsku teen die metodisme wat met sy geweldige boetprediking plotseling, in een oomblik, te weeg wil bring wat die kerk deur jarelange godsdienstig-sedelike opvoeding probeer bereik.

Bavinck behandel dan die bekering, beslistheid van oortuiging, 'n rein gemoed en vastheid van wil.

Vir die rypere jeug, wat psigologies heen en weer skommel²⁾ en na vaste koers soek, is dit van belang om te begryp dat die bekering die openbaring van die langsaam self ontwikkelde lewe van die wedergeboorte is. Dit is die oopbreking van die knop wat die bloeisel en vrug verborge hou, die vrye aanvaarding van wat die kind, oers onbewus, uit genade ontvang het. Soos die seun en die dogter in die puberteitsjare oorgaan in die periode van die wordende man en vrou, so word hulle ook in hierdie tydperk geestelik ryp om as „geestelike" mense op te tree en sodoende in die wêreld as belyers van Christus 'n rigting te kies.³⁾ Die godsdienstig-sedelike opvoeding moet dus, volgens Bavinck, 'n voortsetting wees van die in die kinderjare, maar dit moet bereken word op die mentaliteit van hierdie periode, soos deur hom uiteengesit in die psigologie van die rypere jeug. By die jeug moet dan gekweek word: beslistheid van oortuiging, reinheid van gemoed en vastheid van wil.

Beslistheid van oortuiging is noodsaaklik in hierdie jare van die jeug waarin twyfel so baie voorkom. Die twyfel

-
1. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 165.
 2. Bavinck: Verzamelde Opstellen, 64.
 3. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 166.

moet nie negeer word nie, maar die ongegrondheid daarvan moet langs die weg van verstandelike redenering aangetoon en bewys word. Die jongeling en meisie moet die Christelike lewens- en wêreldbeskouing as die enige en ware sien, in teenstelling met allerlei moderne stelsels. Ook moet die jeug leer om te stry soos sy groot Christelike voorgangers, om die waarheid te laat seëvier.¹⁾

Oor die rein gemoed leer die Heilige Skrif ons dat die liggaam beskou moet word as die tempel van die Heilige Gees.²⁾ Hierdie tempel moet rein bewaar word en die wagter van die rein gemoed is die skaamtegevoel. In die puberteitsjare word die gevoel van eiewaarde openbaar: seuns en dogters wil hulle in kleding en houding so goed moontlik voordoen. Dit kan in ligsinnigheid en koketterie ontaard. Hier is 'n aanknopingspunt vir 'n rein gemoed: as daar vir die uiterlike so mooi gesorg word, hoeveel te meer moet aandag aan die innerlike bestee word. Hulpmiddels hiertoe is: nougesette arbeid, goeie omgang, lektuur en edele ontspanning.³⁾

By die vorming van 'n besliste oortuiging en 'n rein gemoed kom nog die opvoeding van die wil. Net soos die verstand en rede is die wilsvryheid 'n prerogatief van die menslike natuur. Die kind onderwerp hom aan die wil van die ouers, maar veral met die puberteitsjare kom die wilsheerskappy van die jeug na vore. Die gehoorsaamheid wat tot dusver min of meer op gesag van andere berus het, moet nou verinwendig word, sodat dit uit eie, vrye keuse geskied. Die nuwe stryd is nie meer 'n stryd tussen ouer of onderwyser

1. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 168.

2. Bavinck: Handleiding, ens., 153.

3. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 169 - 171.

en kind nie; dit is 'n veel swaarder stryd: die stryd in die gemoed van die seun en dogter. Die vernaamste middel hiertoe is gewoontevorming, maar die eerste stap is moeilik.¹⁾ Hoe moeilik is dit om nee te sê as almal ja sê; om anders te doen as die verleiding so aanloklik is. Na die eerste stap gaan dit egter makliker en met Gods hulp tree sukses in en word die wil vas en sterk.²⁾

(vii) Die Sosiale Opvoeding.

In die bedryf, woonplek, handel, verkeer, godsdiens, pers en vereniging vertoon die maatskappy 'n ander karakter as in die middeleeue; daarby kom dat daar 'n verdeling van arbeid is maar ook baie opening in beroepe. Deur jeugverenigings en buro's word leiding verskaf in die keuse van 'n beroep.

Die arbeider het 'n stuk masjinerie geword; daarom is daar geen vreugde in sy **werk nie**; dit is bloot 'n bestaansmiddel. Die wete dat God aan ons werk opgedra het, het by die massa verdwyn. Daarom is dit nodig dat by die sosiale opvoeding die goddelike karakter van die beroep by die jeug tuisgebring word. Daarby moet onderrig word die geskiedenis van die arbeid, en verduideliking van die voor- en nadele van die verskillende beroepe. Die jongmense moet dus die maatskaplike vraagstukke begryp maar nog meer: hulle moet insig kry in die Christelike beginsels wat die maatskaplike verhoudinge ten grondslag lê; hulle moet die geskiedenis van die maatskappy ken; hulle moet die vernaamste vraagstukke ken en hulle moet op hoogte wees met die vernaamste sosiale wetgewing.³⁾

1. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 171 - 174.

2. Bavinck: Bijbelsche en Religieuze Psychologie, 209.

3. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 59; 174 - 187.

Die opvoedende element tree hier na vore: die maatskappy het geen wysneuse en beterweters nodig nie maar nuttige, eerlike, ywerige, nougesette en troue lede.¹⁾ Voordat die jeug sy reg bespreek, moet hy eers sy plig ken.

Hier weer is Bavinck se psigologie van belang: die jeug moet in sy worstelstryd leer dat hy 'n individu is wat sy eie persoonlikheid ontwikkel, maar dat hy ook 'n lid van 'n gemeenskap is en om in daardie gemeenskap te kan beweeg, moet hy 'n gesindheid van geregtigheid en liefde kweek.²⁾

(viii) Die Politieke Opvoeding.

Die staat is van die maatskappy te onderskei, daarom is daar naas die sosiale opvoeding ook plek vir politieke opvoeding. Waar ons by die maatskappy gewoonlik aan die menslike samelewing dink, kom by die staat die land en volk as 'n staatkundige geheel in aanmerking: die histories tot stand gekome eenheid van 'n land, die gesagsorganisasie, die volk en regering wat die hele volk toekom.³⁾

Bavinck wys op die staatsosialisme met sy ideale en stel daarteenoor die Christendom wat die maatskappy op onvergelyklike wyse versterk, deur aan elke mens 'n ewige bestemming toe te ken; 'n bestemming wat ver buite die staatsbelange lê; deur die huwelik te baseer op die grondslag soos deur God in die skepping vasgelê is en deur die erkenning van Christus as Hoof van alle aardse mag, ook van die staat.

In die staat moet daar vryheid wees, maar vryheid met gesag, sodat daar orde kan wees. Hiervoor is politieke opvoeding nodig. Die rypere jeug moet kennis opdoen van en

1. Bavinck: Verzamelde Opstellen, 147.

2. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 189.

3. Bavinck: Verzamelde Opstellen, 283.

in kontak gebring word met die gesagsorganisme wat in die volksgeheel aangetref word. Deur gesag verstaan hy die hoë gesag van die landsowerheid wat op aarde die hoogste gesag is. Dit word deur die naam soewereiniteit aangedui. Hier-¹⁾ die gesag is van God verordineer. Daarom het die gehoorsaamheid van die onderdaan 'n godsdienstige grondslag en is dit duidelik dat die owerheid wat God verwerp, sy eie gesag ondermyn.

Die jeug moet kennis van die politiek hê, maar veel belangriker is die politieke opvoeding; dit sal verhoed dat die volk so maklik in die arms van rewolusies en anargie gevoer word. By politieke opvoeding gaan dit veral om die kweking van liefde, trou en gehoorsaamheid aan die staat. Hiervoor bied die jeugverenigings uitmuntende geleentheid, beter selfs as die skool. Die rypere jeug met sy soeke na rigting het hier 'n geleentheid om orde en tug, gehoorsaamheid²⁾ en toewyding te beoefen, maar ook om leierskap te ontwikkel.

(ix) Metode.

Die metode hou geen model voor wat slaafs gevolg moet word nie: dit moet deur en deur persoonlik wees en so geassimileer word dat dit die uitdrukking word van die onderwyser se innigste wese.³⁾ Aan die woordmetode word voorkeur⁴⁾ gegee. Die psigologiese beginsels kom hier sterk na vore:⁵⁾ die knaap het 'n leier, die jongeling 'n vriend en raadsman nodig. Die kinderlike nafwiteit het verdwyn en die sedelike verantwoordeliksheidsgevoel is nog nie sterk ontwikkel nie. Die jeug is te selfstandig om aan die leiband

-
1. Bavinck: Verzamelde Opstellen, 293.
 2. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 189 - 209.
 3. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 112.
 4. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 212 - 221.
 5. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek, IV, 113.

te loop, en te sorgeloos om aan homself oorgelaat te word. Daarom moet die metode die wees van 'n leier: die opvoeder moet met sy ganse persoonlikheid inwerk op die onervare jeug wat aan hom toevertrou word. Opvoeding is 'n werk wat deur die ganse mens aan 'n ganse mens voltrek moet word: by sowel die opvoeder as die opvoedeling is die hele persoonlikheid, verstand, hart en wil saam gemoeid. Daarom moet die opvoeder die stof volkome beheers, anders kan hy dit nie voordra nie; hy moet die belangstelling wek van die wat hy wil opvoed; hy moet weet hoe om die gehoor te pak en mee te sleep. Die onderwyser moet ook opgewek wees, want as hy opgewek is, sal sy leerlinge ook so wees. Lusteloosheid en moedeloosheid moet die opvoeder ver van hom hou; en dit geskied deur liefde tot sy leerlinge, deur belangstelling in die tydelike en ewige welsyn en deur die selfverloëning waarmee hy hom aan sy werk oorgee.

Bavinck staan die metodes van sintese en analise voor, maar gebruik die terme in die teenoorgestelde sin;¹⁾ verder wys hy op die herhaling van werk. Hy geraak tot die slotsom dat die leerproses goed is, van die psigologiese kant gesien, maar dat die proses onvoldoende is as dit nie gedra en gelei word deur die Gees van Hom wat inwendig in die hart werk nie.²⁾ Dit is tevergeefs indien Paulus plant en Apollos natmaak as die Here nie laat groei nie.³⁾

(x) Organisasie.

Die opvoeding van die rypere jeug rus op die skouers van die jeugvereniging, maar ook die gesin, kerk, skool en owerheid het hulle roeping te vervul.⁴⁾ Die vraag is egter

1. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 214 - 215.

2. Ibid., 234.

3. 1 Kor. 3:6.

4. Bavinck: op. cit., hoofstuk 12.

of al die organisasies nie saam moet werk nie.¹⁾ Net soos in sy „De Nieuwe Opvoeding“ (77-106) beskou hy die eenheid-skool as ondoeltreffend vir die opvoeding van die rypere jeug. Daarom is dit nodig en noodsaaklik vir die wat in belydenis ooreenstem om hulle nou aaneen te sluit en hulle arbeid op die voordeligste en vrugbaarste wyse te organiseer. Ongelukkig bestaan daar in breëre kring wantroue in die jeugorganisasies: dit word selfs as oorbodig beskou. Tog is hulle 'n belangrike faktor in die organisasie van die hedendaagse maatskappy en verdien die samewerking van ouers, onderwysers, geestelikes, studente, ensovoorts.

Bavinck pleit vir rade en kommissies vir die opvoeding van die rypere jeug. Op hierdie rade moet die ouers, onderwysers, kerkrade, werkverenigings en leiers van die jeugverenigings verteenwoordig wees.

Die werk van die kommissies en rade moet onder andere wees: bespreking van neopediese vraagstukke; oorwegings wat prakties tot die verbetering en uitbreiding van die opvoeding van die rypere jeug kan lei; die hulp by beroepskeuse; die verskaffing van inligting en die bepleiting van die belange van hierdie opvoeding by die owerhede.

Die werk moet doelmatig verdeel word, maar die onderwys behoort nie tot die taak van die jongelingsverenigings nie.

Die eintlike doel van die jeugorganisasies bly steeds die opvoeding vir die kerklike, maatskaplike en staatkundige lewe. Daarom moet die program by die jeug van 14 - 17 jaar pas.

1. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 132.

Die volgende reëls moet in verband met die psigologie van die knapeleef tyd in ag geneem word: die leerstof word soveel moontlik rondom groot persone gegroeper; die karakter, lewe, dade en woorde van die persoon word so geskets dat dit die verstand ontwikkel, die gemoed ontroer en die wil vorm; die verhalende vorm neem die vernaamste plek in; boeke wat veredelende invloed het, word voorgeskryf en die vergaderings word afgewissel deur sang, musiek, voordrag en opstel.

Die jongelingsverenigings bou op die grondslag van die knapevereniging.

Die rigting moet suiwer Christelik en dus waarlik universeel wees. ¹⁾ Ten laaste moet gewaarsku word teen die vryheid van die partikuliere arbeid, sodat die regering met meerdere finansiële hulp nie die inisiatief in hande neem nie. Bavinck wens dat daar 'n Minister van Onderwys sal wees, nie alleen met 'n breë kennis en organisasietalent nie, maar ²⁾ „ook met ruimen blik en een warm hart voor de vrijheid.”

(e) Opmerking.

Oor die opvoeding van die rypere jeug toon Bavinck hom die eerlike en simpatieke skrywer en die denker wat werklik iets oorspronklik oor die onderwerp te sê het. Sy blik is ruim en skerp, sy styl van skryf hoort by sy persoonlikheid: dit is sober, eenvoudig en klaar.

Bavinck openbaar 'n besondere kennis van die Rooms-Katolieke stelsel wat hy nie alleen skerp aanval waar dit teen sy opvatting indruis nie, maar waaraan hy ook dankbaar lof bring waar dit met die Calvinistiese beginsels strook.

1. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 256.

2. Ibid., 257.

Dit is nodig dat ons daarop wys dat Bavinck skryf van:

„onvoldaanheid met het Protestantisme, dat zo koud en arm is en door allerlei onderlinge twisten word verdeeld en verscheurd.”¹⁾ Dit is nie soos Rombouts wil beweer Bavinck se standpunt nie,²⁾ maar alleen h opvatting van di. Bruna en Vethake wat hy weergee.

Hoewel Bavinck dwarsdeur sy „De Opvoeding der Rijpere Jeugd” laat blyk wat die betekenis van die psigologie vir sy pedagogiek is, is dit jammer dat hy in die boek wat 257 bladsye beslaan, slegs vyf bladsye aan die psigologie van die rypere jeug wy, aangesien hy in sy „Paedagogische Beginselen” betoog dat daar naas die doelstelling in die opvoeding, die kennis van die kind een van die pilare vorm waarop die pedagogiek steun.

Sy skoolorganisasie is daarop gemik om die rypere jeug van die leiband waaraan hulle nou geloop het en moes loop te ontketen en tot selfstandige mense te maak.

3. Bavinck se Nuwe Opvoeding.

(a) Inleiding.

In 1917, toe die eerste wêreldoorlog op sy felste woed maar die einde tog in sig kom, skryf Bavinck h boek oor die nuwe opvoeding. Die rede vir hierdie werk gee hy soos volg aan: „Zooals de Fransche Revolutie eene nieuwe periode inleidde, die op alle gebied kenmerkend van de vorige onderscheiden was; zoo en in nog sterker mate zal de wereldoorlog, die in 1914 losbrak, een tijdperk openen, dat in allerlei opzicht een gansch ander karakter draagt dan dat, waarin wij vóór dien tijd verkeerden.”³⁾ Ook die onderwys en opvoeding

1. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 106 - 107.

2. Rombouts: Prof. Dr. H. Bavinck, 115.

3. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 5.

sal 'n nuwe rigting inslaan en met nuwe krag die taak hervat.

Die groot waarde wat daar allerweë geheg word aan die vorming en opleiding van die jeug om 'n nasie te bou, word daardeur bewys dat Engeland, Rusland, Frankryk, Italië en Duitsland reeds begin werk aan die na-oorlogse onderwys. Orals is daar nuwe lewe en hervormingsplanne.

Ook Bavinck skryf oor die nuwe opvoeding, oor die karakter daarvan, oor die algemene kenmerke, oor die wetenskaplike strominge in die pedagogiek, oor die konsekwensies wat uit die wetenskaplike gegewens vir die skoolinrigting en onderwys te haal is. Onder die nuwe opvoeding behandel Bavinck ook rasverbetering en empiriese psigologie wat ons in hoofstuk II nagegaan het; oor toegepaste psigologie wat in hoofstuk IV behandel is en oor die skoolorganisasie wat in hoofstuk XI ter sprake gekom het. Hier handel ons alleen oor die algemene kenmerke van die nuwe opvoeding.

(b) Algemene Kenmerke van Bavinck se Nuwe Opvoeding.

(i) Inleiding.

Die skrywer wil nie uitsluitlik, miskien nie eens hoofsaaklik, oor die wetenskaplike uiteensetting van die moderne pedagogiek en aanverwante wetenskappe handel nie. Hy wil standpunt inneem teenoor die nuwe strominge, want so redeneer hy: „dat er enkele vaste gegewens zijn, waarop we met zekerheid staat kunnen maken, en die ons denken en handeling in een bepaalde richting leiden.”¹⁾

Bavinck wil dus sy Christelike pedagogiese beginsels na vore bring, voorligter en wegwysers wees, deur die groot lyne aan te dui en die besonderhede weg te laat.

1. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 6.

Die moderne pedagogiek staan onder invloed van die moderne wetenskap met 'n ewolusionistiese, positiewe, utilistiese of pragmatistiese karakter.

(ii) Ewolusionisties is die opvoeding, deurdat dit van die standpunt uitgaan dat die wêreld in die loop van eeue en nogmaals duisende eeue deur 'n doelstrewende natuurkrag tot stand gekom het.¹⁾ Uit die newelmasse het die kosmos, die anorganiese, die organiese, die plant, die dier en die mens agtereenvolgens ontwikkel. Die 20ste eeuse kultuurmens watsy eie soewerein is, stuur die sake nou soos hy wil, want deur kennis is hy magtig, deurdat hy weet kan hy vooruit sien; deur sy arbeid skep hy en deur te skep, is hy goddelik.²⁾

Bavinck sê dat die moderne ongelowige oor 'n toekomstige paradys droom³⁾ wat geskoei is op die lees soos die Heilige Skrif dit voorskilder.

(iii) Die moderne wetenskap is egter ook positief of positivisties, deurdat dit van die filosofie en bespiegeling afgesien het. Alleen tasbare dinge om hulle heen (feite) moet bestudeer wat buite die sintuie se bereik val nie, omdat dit onbereikbaar en onkenbaar is. Die bestaan van God met die godsdienstige waarhede inbegryp, word botweg verloën.⁴⁾

(iv) Die pragmatisme gaan uit van die standpunt dat die mens deur sy verstand hom bo die dier verhef. Die roeping van die verstand is om die mens te dien. Daarom lê die sin en doel van die wetenskap alleen daarin dat dit praktiese waarde vir die mens het. Die kriterium van die waarheid

1. Bavinck: Schepping of Ontwikkeling, 13.

2. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 15.

3. Bavinck: Schepping of Ontwikkeling, 33.

4. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 15 - 16.

1) lê in sy bruikbaarheid. Waarheid is dit wat bruikbaar vir die praktyk is.

As hierdie beginsel op die beginsels van die godsdiens toegepas word, stort alle dogmas in duie.

In die opvoeding word dus dadelik 'n utilistiese doel gestel. Hierdie doelstelling kan nie aan die godsdiens ontleen word nie, omdat elke lid van die maatskappy sy rol moet speel waartoe hy voorberei word.

Deur die nuttigheidsdoel kry die opvoeding 'n sosiale karakter, in teenstelling met die individuele wat reeds sedert Rousseau heers. Bavinck wys daarop dat die opvoeding deur die sosialisering al meer en meer aan die ouers onttrek word, omdat daar wetenskaplike gegewens opgebou word wat die kragte van die ouer te bowe gaan.²⁾ Die huisgesin tree op die agtergrond en die skool op die voorgrond. Daar is geen skolastiek meer nie, geen vooropgestelde beginsels nie; die toekoms lê in eksperimente en feite.

(c) Opmerking.

Bavinck se psigologie, gebaseer op die wetenskaplike feitemateriaal en geïnterpreteer vanuit sy Christelike standpunt, wil hy gebruik om die kind op te voed, maar belangriker is 'n vooropgestelde doel waartoe die kind gelei moet word.

Ons mis by hom hier 'n afsonderlike behandeling van die sedelike vorming van die kind, hoewel hy dit in sy opvoeding van die rypere jeug breedvoerig behandel het.

Die pragmatisme omvorm vir Bavinck die waarheid tot onwaarheid en die onwaarheid tot waarheid. Die nuwe rigting

1. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 17.

2. Ibid., 22.

stel die mense trots, oordrywend, eensydig en dwaas bo die goddelike doel, omdat dit nie bewus is van Paulus se woord nie, naamlik „Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge.”¹⁾

4. Die Opvoeding van die Vrou.

(a) Inleiding.

Waar Bavinck in sy „De Opvoeding der Rijpere Jeugd”, te min aandag aan die opvoeding van die vrou gegee het, behandel hy die onderwerp breedvoerig in ’n afsonderlike werk.²⁾ Voordat Bavinck die opvoeding van die vrou behandel, gee hy eers ’n historiese oorsig, soos hy gewoonlik doen.

(b) Historiese Oorsig.

In die oudheid is die dogter se opvoeding geheel en al aan die moeder van die gesin oorgelaat. Die Christendom het die meisie toegelaat om godsdiensonderwys te ontvang, sodat sy in die gemeenskap van die kerk toegelaat kan word. Met die opkoms van die kloosters het meisies onderrig ontvang en so is die opvoeding van meisies gedurende die middeleeue aan nonne oorgelaat; maar net meisies uit die hoëre stande het die voorreg geniet.

Van veel meer en groter betekenis vir die opvoeding van meisies was die hervorming, wat die Bybel in die hand van elke kind stel. Luther het byvoorbeeld verlang dat elke meisie een uur per dag sal skoolgaan om die Bybel te leer lees en haar vir die huishouding voor te berei.

Hoewel by die onderwys meer aan die manlike jeug gedink is, het daar by die rykdom en weelde van die 17de eeu in Holland ook die behoefte ontstaan om nie alleen die seuns nie maar ook die dogters ’n hoër en beskaafder opvoeding te gee.³⁾

1. Rom. 11: 36.

2. Bavinck: De Vrouw in de Hedendaagsche Maatschappij, 154-186.

3. Ibid., 157.

Die opvoeding was op beskaafde maniere gemik, terwyl huis-houding te veragtelike beskou is vir die dogter van die hoëlui.

Die ensiklopediste was die jong vroue nie goedge-sind nie; Voltaire spot met hulle; Montesquieu meen dat hulle geen geestesgawes het nie; Napoleon was teen emansi-pasie gekant, maar wil tog graag 'n verbetering in die op-¹⁾voeding van meisies sien.

In 1697 pleit Daniel Defoe vir die oprigting van 'n vroue-akademie en noem dit barbaars om die voordele van die beskawing aan die vroue te onthou.

In 1792 kla Mary Wollstone dat daar wel dames maar geen vroue gekweek word nie: hulle word sedes, ydelheid en beuselagtigheid geleer in plaas van moraal, lewensdoel en ar-beid.

Tog het die geroep op dowe ore geval en eers in die negentiende eeu, toe die treurige sosiale toestande waarin die vroue verkeer het deur die industriële ontwikkeling ont-bloot is, is die noodsaaklikheid van beter opvoeding gevoel.

(c) Bavinck se Opvatting.

(i) Sielkundige Verskil tussen Seuns en Meisies.

Aan die laerskool kan seuns en meisies dieselfde soort onderwys ontvang en teen die gemengde skool sien hy geen beswaar nie. Die omgang van seuns en meisies is on-skuldig en ongedwonge. Met die puberteitsjare ontwaak die geslagsverskil en begin hulle in hul eie rigting beweeg. Hulle openbaar ander verlanges en neiginge en het uiteenlo-pende behoeftes. Daarom meen Bavinck moet seuns en dogters nou in aparte skole opgevoed word en moet die opvoeder met²⁾ die uiteenlopende behoeftes rekening hou.

1. Bavinck: De Vrouw in de Hedendaagsche Maatschappij, 159.

2. Ibid., 165.

In die bewaarskool is die onderwys vir seuns en meisies dieselfde, maar die verskil kom reeds daarin dat die vak handwerk vir meisies bestemd is.¹⁾

Die moeilikheid ontstaan wanneer die dogter die laerskool verlaat.²⁾ Die dogters wat nie meer skoolpligtig is nie verlaat die skool, verdien hulle eie geld, die ouers verloor hulle gesag te vroeg, met die gevolg dat hulle na 'n dag se harde werk saans in die strate rondsletter.³⁾ Juis in die kritiese puberteitsperiode raak die dogters verveeld by hulle werk en sonder voorligting en leiding verval 'n groot aantal in skande en gaan sedelik ten gronde.⁴⁾

(ii) Noodsaaklikheid van die Opvoeding.

Die opvoeding van meisies is in die puberteitsjare net so noodsaaklik as die vir seuns. Die opvoeding moet 'n godsdienstig-sedelike karakter dra, anders is dit geen voldoende of volledige opvoeding nie.⁵⁾ Die Christelike leer, soos Pestalozzi gesê het, is die suiwerste en edelste leer vir die verheffing van die gees oor die vlees.

(iii) Onderwys van die Meisies.

Daar is vir die godsdienstig-sedelike opvoeding⁶⁾ geen mag soos die Christelike godsdiens om die dieptes van die gemoed te beroer en die teerste aandoeninge op te wek nie. Die menslike hart het behoefte daaraan. Die wat die godsdiens buite die opvoeding plaas, sluit die bron vir die innerlikste en innigste lewe van die siel. Vir die seun, die jongeling, die man, die grysaard geld dit, maar dit geld boweal vir die meisie, die vrou en die moeder.

1. Bavinck: De Vrouw in de Hedendaagsche Maatschappij, 167.

2. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 128.

3. Bavinck: De Vrouw in de Hedendaagsche Maatschappij, 168.

4. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 78.

5. Bavinck: De Vrouw in de Hedendaagsche Maatschappij, 169.

6. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 145.

„De kostelike deugden van ootmoed, afhankelikhedsbesef, vertrouwen, dankbaarheid, lijdszaamheid enz. waarvoor het vrouwelik gemoed zoo bij uitnemendheid vatbaar is, kunnen bij haar niet zonder den invloed der Christelike religie tot ontwikkeling komen.¹⁾”

Daarom is godsdiensonderwys die vernaamste.

Die kerk met sy een uur katekisasie per week verskaf gebrekkige godsdiensstig-sedelike opvoeding.

Net soos vir die jong mans dring Bavinck op vroueverenigings aan. Ook hier moet die kerk leiding neem al is dit ook net om orde in die toestand te skep.

Die meisies het egter ook opleiding vir hulle werk nodig. Daar is 'n groot behoefte aan voortgesette onderwys. Ouers moet deur kommissies en buro's voorgelig word oor die beroepskeuse van die dogters.²⁾ Bavinck waarsku dat die keuse van ouers en die kinders by die beroepsbepaling nie uitgeskakel moet word nie, veral aangesien beroepstoetse vir dogters nog gebrekkig is.³⁾

Die keuse van beroep en die opleiding word bemoeilik omdat die arbeidsveld uitbrei. Bavinck pleit egter dat alle meisies, arm of ryk en van welke stand ook, opleiding moet ontvang in huishouding, selfs al bly die meisies ongetroud,⁴⁾ omdat almal dit nodig kry.

Bavinck waarsku teen die opbreking van die huisgesin, deurdat vrouens moet werk om die skrale inkomste van die man aan te vul en hy pleit vir die herstel van die huisgesin.⁵⁾

-
1. Bavinck: De Vrouw in de Hedendaagsche Maatschappij, 170.
 2. Bavinck: a. De Nieuwe Opvoeding, 90 e.v.;
b. De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 176 e.v.
 3. Bavinck: De Vrouw in de Hedendaagsche Maatschappij, 173.
 4. Ibid., 174.
 5. Ibid., 179.

Die vrou het die maatskappy binnegedring en 'n plek verower op alle gebiede. 'n Groot rede hiervoor is dat die moderne maatskappy van die vrou ontvang het waaraan hy die meeste behoefte het, naamlik barmhartigheid en menseliefde.

Dit verheug Bavinck dat daar soveel meisieskole ontstaan wat aan die besondere behoefte van die vrou voldoen, want die natuur van die vrou verset hom teen die gemengde skool wat vir seuns ingerig is.¹⁾ Daar is skole wat meisies oplei vir die huwelik, huishouding en moederskap; ander weer vir kleremakery; nog ander vir kuns, onderwys, handel, administrasie, landbouhuishoudkunde, biblioteekwese, verpleging, ensomeer.

Bavinck wys daarop dat 'n geleerde of intellektuele vrou haar huishouding beter kan behartig.²⁾

(d) Opmerking.

Bavinck se opvoeding van die vrou rig hy daarop om 'n kragtige beginselvaste moeder met 'n besliste godsdienstig-sedelike uitkyk op die lewe en in die huisgesin te hê. Daarmee raak hy die kern van die behoud van 'n volk, naamlik 'n beginselvaste huisgesin.

5. Samevatting.

(i) Bavinck se besondere opvoeding gaan hoofsaaklik oor die opvoeding van die rypere jeug: man sowel as vrou, en oor die nuwe opvoeding wat na die ontworteling van die eerste wêreldoorlog vaste rigting moet gee.

(ii) Die uitvoerigste gedeelte van Bavinck se besondere opvoeding gaan oor die godsdienstig-sedelike opvoeding wat hy as die belangrikste veral beskou vir die puberteitseun en

1. Bavinck: De Opleiding van den Onderwijzer, 43.

2. Bavinck: De Vrouw in de Hedendaagsche Maatschappij, 186.

-dogter. Dit gee aan hulle vastigheid in die maalstroom van worsteling gedurende hierdie belangrike liggaamlike en geestelike fase in die lewe.

(iii) Verenigings van jongmanne en vroue beskou hy as van besonder belang. Hier wil hy dat naskoolse onderrig gegee word aan die wat nie die geleentheid het om die elders te ontvang nie. Die onderrig moet van so'n aard wees dat die jongmens selfstandig word, deur innerlik dissipline en op Christelike grondslag.

(iv) Godsdiensonderrig is vir Bavinck die vernaamste vak, omdat die mens sonder godsdiens verarm en verstrooid raak, maar godsdiens is en bly in die eerste instansie nodig vir elke mens, nie terwille van hom of sy naaste nie, maar terwille van God.

(v) Bavinck se opvoeding van die rypere jeug steun in 'n besondere mate op die psigologie van die rypere jeug. Kennis van die rypere jeug deur die psigologie neem 'n prominente plek in en word deur Bavinck as onontbeerlik beskou. Deur die rypere jeug en sy besondere probleme gedurende die puberteitsjare psigologies deeglik te ken, kan die opvoeder nie alleen die stryd versag deur regte opvoeding nie, maar hy kan die jeug help in die innerlike vorming wat blywend is. Die puberteit is vir hom die belangrikste periode in die opvoeding; daarom is goeie opvoeding hier so noodsaaklik.

6. Slot.

Nadat ek 'n deeglike studie van Bavinck se uitgebreide lys werke gemaak het, kan ek tot geen ander besluit as Rombouts kom nie, waar hy beweer: „Bavinck hoort tot die weinigen, die werklik zélf wat te zeggen hebben, en by wie geen enkel schrijver (altans van sy tyd) van eksamen-pedagogiek ook maar in de verte halen kan.”¹⁾

1. Rombouts: Prof. Dr. H. Bavinck, v - vi.

Op die gebied van die psigologie en die pedagogiek het hy goed verankerde prinsipes gegee. Hy vestig die aandag op groot lyne en open die oog vir die feit dat die psigologie en die pedagogiek 'n strydgebied van oortuiginge is waarin die lewens- en wêreldbeskouing die grondslag is. Daarom gee hy ook prinsipiële voorligting op die gebied van die teologie, die dogmatiek, die filosofie, die etiek, die psigologie en die pedagogiek.

As besonder belese geleerde het hierdie groot gees die uitgebreide literatuur nie alleen opgesom nie, maar ook verwerk. Met sy ruim blik en ruim hart wat nooit bekrompe was nie gee hy hooflyne aan en verskaf hy koers aan elke onderwerp. Sy psigologie en sy pedagogiek is nie in besonderhede uitgewerk nie, ook is dit nie sistematies weergegee nie. As daar egter gelet word op sy lewenswerk, „Gereformeerde Dogmatiek“, is dit lig te begryp dat sy latere werke hulle fondament in die werk het.

Om sy psigologie te begryp en saam te vat, is 'n uiters moeilike taak. Nie alleen omdat die stof verspreid is nie, maar ook omdat Bavinck tred hou met die vinnige ontwikkeling van die wetenskap en daarom sekere opvattinge wat hy gehuldig het, later moet wysig. Ook sy pedagogiese geskrifte is nie maklik te begryp nie, omdat hy nie alleen veel kennis by sy leser veronderstel nie maar omdat sy werke die onderdele nie aandui nie.

Bavinck was 'n pionier op die gebied van die pedagogiek. Sy gesag strek dan ook sover as wat die waarde van sy argumente geld. Die argumente is gebaseer op feitemateriaal wat die verskillende wetenskappe bied, maar ook gegrond in die onveranderlike waarhede van Gods Woord. Daarom vind ons ook in die besonderhede van sy werk baie dinge wat foutief is, omdat dit gebaseer is op feitemateriaal wat verander; maar

die hooflyne wat hy op meesterlike wyse trek en wat op onveranderlike waarhede gegrond is, bly nog van krag en sal altyd van krag bly.

So is sy beskouing oor tug en gesag wat in die middel van die pedagogiese vraagstukke staan, op waarhede gebaseer wat altyd sal geld.

Bavinck het dan ook die pedagogiek wat uitvloei uit sy psigologie tot die sluitsteen van sy lewens- en wêreldbeskouing opgevoer. Sy uitgangspunt is altyd die religie as sentrale verhouding van die mens tot God. Aan hierdie uitgangspunt is alle ander verhoudings van die mens ondergeskik. Daarom vloei die roeping van die wordende mens teenoor homself en die gemeenskap altyd voort uit sy roeping teenoor God. Die psigologie is een van die vernaamste grondpylers waarop sy pedagogiek berus, maar ook die psigologie berus op Gods Woord. Daarom sou ons Bavinck nie onder die psigologiese pedagoë wil klassifiseer nie, maar wel onder die fundamentele pedagoë.

Die allerbelangrikste betekenis van Bavinck se psigologie vir sy pedagogiek is seker daarin geleë dat dit 'n hegte grondslag gee om op te bou. Met reg sou ons kan beweer dat sy werke 'n uitstekende voorbereiding is tot die moderne pedagogiek.